

## OPENING EN PRESIDENTSREDE

D V BENADÉ, Bakke Nywerhede Beperk

Geagte Meneer die Voorsitter, Ere-gaste en Lede van die Misstofvereniging, dit is vir my besonder aangenaam om as President van die Vereniging u by hierdie die 13de Jaarvergadering welkom te heet, en te mag toespreek. In die verlede het die referate wat gelewer was, meestal die agronomiese en landbou-ekonomiese aspekte gedek. Die Vereniging het egter gevoel dat die tyd aangebreek het om die Nywerheid se bydrae tot die ekonomie van ons land se groei en ontwikkeling, sy probleemareas en toekoms te bespreek. Die referate wat volg sal u 'n deeglike oorsig gee van die verlede, hede en die toekoms.

Na ek die lys van referate gesien het, was ek regtig in die twyfel om te weet waar om te begin — hulle dek die hele veld. Miskien kan ek begin om dankie te sê vir die eer wat u my aangedoen het om my te kies as President en dat ek 'n paar woorde mag sê. As jong seun het ek groot geword in die nabyheid van een van die eerste misstoffabriekes in ons land. Op skool het ek gehoor dat die kunsmisgebou by die sogenaamde De Beers te Somerset-Wes die grootste gebou in die Suidelike Halfgrond was en was ek natuurlik geweldig beïndruk. Later as skeikundige, besig met analise en navorsing, het ons onself beskou as die swaksbetaalde werkers in die bedryf, en veral nie so gelukkig soos die verkoopsvertegenwoordigers nie, veral tov karre, onthaaltoelae ens. Dit is met dankbaarheid dat ek terug dink aan die plesier om te mag deel neem oor meer as 30 jaar aan die verskillende fases na wat vandag 'n stabiele en groeiende sektor van ons nywerheidslewe is.

In observing the United Nations efforts in assisting the underdeveloped world, one is reminded of a quotation by Daniel Webster . . . "when tillage begins, other arts follow". Although our country boomed when mining commenced, agriculture is really the nucleus from which it all grew. It acted as a catalyst for the development of associated industries, provided food for all and products for export. For the Republic with its limited arable land, less than 12 per cent as compared to an average of 16 per cent for the world, it is essential that we should utilise this land to the best advantage and above all not denude our heritage.

It was through the work of people like Justus von Liebig in 1842 that chemical fertilizers were developed, but in our country the production thereof followed a long and difficult road.

To appreciate how we have progressed, let us look at the following extract from a letter dated 1st September, 1860, from Anthony Wilkinson of Great Umhlanga (North Coast, Natal), to his father William Wilkinson (Dorking, Surrey, England): "We had a remarkably dry season even for Natal. Only a couple of light showers . . . I commenced crushing cane at the end of June and made 5 tons. I expected to make 50 tons of sugar this year, but I am sorry to say that it will not be above 30 tons . . . It requires two years in Natal to bring cane to perfection . . . I find ratoons are like growing crops of wheat in succession on the same land in England with manure".

In October 1862 he stated: ". . . finished my last sugar crops this week and sent the last sugar to town today. The whole only being 27 tons of dry sugar from about 50 acres of land."

Comparisons of today are startling in production figures of sugar. In the same locality, namely between Ottawa and Verulam, the average yield of sugar from 60 acres of cane grown without irrigation is now between 120 and 170 long

tons, depending on rainfall. This great improvement has been achieved by technical advances on the milling side as well as by an increase of cane, better cultivation and last but not least, the use of fertilizers.

An extract from the Chairman's speech of SAFCO Limited at their 7th Annual General Meeting in July, 1920: "In pre-war days (ie before 1914) a great proportion of phosphatic fertilizers which is a kind generally required in this country, were imported. The through rate of £0.10.0 per ton for railage and sea-freight from factories on the continent of Europe to Cape Town, which continental manufacturers secretly allowed, made it difficult for local manufacturers to compete in producing a duty-free article like super phosphate unless they could operate on a very large scale".

From 1923 the then Government urged a policy of independence in manufacture of fertilizers in case of a future outbreak of war. However, not much was done to make it possible for the embryo fertilizer industry to develop. The major proportion of fertilizers required was still imported. The Kynoch's Natal and Capex, Cape Province, fertilizer companies found it difficult to compete and make their investment profitable. During this period fertilizers continued to be dumped and it is interesting to note the complaint of a Dutch exporter: "Toen de moedermaatschappij zelfs een gedeelte van de vracht voor haar rekening wilde namen, kwam de Zuidafrikaanse regering tegen deze dumping in het geweer en hief een invoerrecht, gelijk aan het verschil tussen berekende vracht en werkelijke vracht".

In view of a virtually non-existent government policy for the protection of industry, the fertilizer industry was a stop-start industry with a very weak base. This was amply demonstrated when with the advent of the second world war the country found itself short of fertilizers and had to ration fertilizers by means of issuing permits to farmers. This permit system continued until mid-1953. One can imagine what an impact the shortage of fertilizers had and the tremendous setback to the growth and development of not only agriculture but our economy.

Die uitbouing van die Suid-Afrikaanse Misstofnywerheid na die oorlog was tot 'n groot mate 'n gesamentlike poging tussen Nywerheid en die Staat. Ons Regering word dikwels geblameer dat hulle inmeng met private inisiatief, maar soos dr. Wassenaar nou die dag gesê het, is daar soms geen keuse as private ondernemings nie die nodige stappe neem nie. Met die vervaardiging van misstowwe was dit ook so. Fabriekes was aan die kus gevestig en toegespits op ingevoerde grondstowwe. Ek kan onthou van die veelvoudige analises van Phalaborwa-fosfaat wat ons gedoen het, maar die slotsom was altyd dit is onoplosbaar en onekonomies om na 'n misstof te verwerk. Dit was alleen die inisiatief van die Staat wat Foskor by Phalaborwa gevestig het wat gelei het tot die daarstelling van 'n Misstofbedryf in ons binneland waar ook die grootste verbruik is. Nieteenstaande die ontginning van plaaslike grondstowwe was beskerming noodsaaklik en dit is tot die bedryf se krediet dat pryse van misstowwe vandag baie gunstig vergelyk met die in ander dele van die wêreld. Verkeerde afleidings word soms gemaak, maar in Tabel 1 is syfers wat ook aan die Raad van Handel en Nywerheid voorgelê is.

TABLE 1 Comparative f.o.r., ex works retail prices of fertilizers, per metric ton compiled from actual price lists.  
(Gross prices in rands before all subsidies)

	South Africa	United Kingdom	West Germany	France	Holland	Australia	Rhodesia
	R	R	R	R	R	R	R
Ammonium nitrate (as LAN 30%)	59,50	57,88	59,26	45,26	52,72	93,88	54,96
Ammonium sulphate (21%)	43,25	37,48	44,00	—	44,46	42,50	—
Urea (46%)	86,75	—	87,60	68,00	—	92,52	—
Single superphosphate (8,3%)	33,90	33,36	37,28	22,60	—	26,25	34,40
Double supers (19,6%)	77,80	74,34	—	51,43	—	54,04	80,00
Mono-ammonium phosphate (MAP)	96,45	—	—	—	—	108,03	—
<b>Compounds</b>							
2:1:2 (26) (12:13:14)	54,45	—	—	—	—	—	58,66
15:15:15	69,27	65,24	54,30	60,20	—	—	—
17:17:17	76,89	—	—	67,78	70,53	—	—

Dit Staat het die gebruik van misstof aangemoedig deur 'n subsidie wat oor die laaste jare gegroei het tot 'n totale som van R16 miljoen wat nie by die bogenoemde pryse ingereken is nie). Die sukses hiervan getuig die hoër en meer standhoudende oeste en ons indrukwekkende landbou-uitvoerprestasies. Interessant om te let dat gedurende 1971 was uitvoere van misstowwe as sulks ±R4 miljoen.

Met die beheer wat die Departement van Landbou oor die produkte toepas en daar selfs die oprigting van vervaardigingseenhede deur die Staat op een of ander manier gekeer word, kan dit aangenaam word dat die bedryf as sulks beheer word.

Sedert die totstandkoming van die Misstofvereniging 12 jaar gelede, het vervaardigers probeer om gesamentlik deur navorsing en bemerkingsbevordering 'n beter diens aan die boere te lewer. Die Vereniging het die vertroue tussen die boer, die vervaardiger en die Departement uitgebou. Gesamentlik word boeredae gehou en kundigheid gebaseer op navorsing, oorgedra. Dit alles help om die totale mark te vergroot. Die gevolg is dus dat vervaardigers alleenlik met mekaar kan kompeteer ten opsigte van diens en bemerkingsbevordering.

Die probleem is om in 'n beheerde bedryf, waar die winsgrens vasgepen is tot 13½ persent voor belasting op die totale bates, die nodige aandele kapitaal vir uitbreiding te trek. Met die verhoging van rentekoerse en belasting, skyn dit 'n onmoontlike taak (oor die jare 1954-1966 het die gemiddelde rendement as aandeelhoudersbelang gewissel tussen 2 en 10 persent). Die boere beweer dikwels dat verdienste op kapitaal in landbou te laag is, maar dan waardeer hulle hul plaas teen markwaarde. Indien in die misstofbedryf die aanleg teen vervangingswaarde waardeer word, dan sal selfs hulle vir ons moet jammer kry.

Deur rasionalisasie, konsolidasie van kleinere maatskappye en samewerking was dit moontlik om oor die laaste paar jaar besparings teweeg te bring, produksiekapasiteit meer doeltreffend te benut en verspreidingskoste te besnoei. Hierdie stappe het ook 'n redelike verdienste op aandeelkapitaal verseker. As dit nie vir hierdie stappe was nie, sou die misstofbedryf as sulks nie kon voortbestaan nie en definitief nie produksiekapasiteit uitbrei nie. Tydelik sou invoere wel moontlik gewees het, maar met betalingsbalansprobleme en wisselende tekorte in die

wêreldmark, kon dit ons landbou en land net onoorkombare probleme besorg het.

Die Nywerheid speel ook sy rol direk en indirek om uitvoere aan te moedig. Deur die vestiging van fabrieke in naburige state soos Malawi en Lesotho, is goeie verhoudings uitgebou.

In a certain financial paper publicity is given to the so-called 'shabby treatment' of Swaziland with regards to its fertilizer project. The initial capacity of 125 000 tons at a cost of R5 million will be based on using imported ammonia. The Republic fertilizer investment is estimated at R200 million for 2 500 000 tons capacity, but using mainly our own raw materials — eg phosphate rock, air and coal or waste gas from petrol refineries. The proposed Swaziland plant will place us back into the days of mixing plants in Cape Town and Durban, depending on intermediate or finished fertilizer for raw materials. The disadvantages are so numerous and the risks so great that one is amazed that the financial paper is not prepared to come out in support for its own country and industry, or is its aim to utilize Government action at any expense?

The Swaziland case also proves the need for close co-operation and liaison between South African industry and authorities in the so-called BSL countries.

Surely it does not make good business sense for new industries in the BSL countries to be planned and promoted without taking any cognisance whatsoever of the market and raw materials situation in their own countries and in South Africa and then to expect South African industries and authorities to accept the position as a *fait accompli*. Not only that, but furthermore then to expect of the very same South African industries to go out of their way to develop industry in those countries without so much as a word of protest.

Prior consultation and proper liaison could avoid unnecessary clashes of interest and provide a platform for suitable co-operation. This, however, cuts both ways.

Die vraag bly egter: kan genoegsame kapitaal getrek word na 'n beheerde bedryf waar winste tot so 'n mate beperk word? In Tabel 2 word aangedui tot watter mate belegging in sekondêre nywerhede, deur middel van terugploeging van winste, afgeneem het oor die laaste tien

TABEL 2 Verdeling van winste

	Maatskappye in vervaardigingsbedryf		
	Persentasie verdeling van winste		
	Belasting	Dividende	Teruggeploeg
1962/63	13,2	38,2	48,6
1963/64	27,3	37,9	34,8
1969/70	36,2	32,0	31,8
1970/71	35,9	30,2	33,8

jaar, asook die proporsioneel verminderde dividend-uitbetalings.

In die chemiese bedryf, waaronder die misstowwe sorteer, was die EOP taakstellingskoers vir 1971 7,6 persent. Vir die eerste nege maande was die werklike groei egter maar 0,4 persent. In die jaarverslae van AE & CI en Fedmis word kapitaaluitbreidings van ongeveer R77 miljoen en R20 miljoen onderskeidelik gemeld. Die grootste gedeelte van dié beleggings is vir die produksie van misstowwe veral stikstof. Dit is alleenlik die redelike winste op aandeelhoudersbelang oor die laaste paar jaar wat gevolg het op rasionalisasie van die bedryf wat bogenoemde beleggings moontlik kan maak.

Verdere rasionalisasie is nie juis prakties nie en kan lei tot 'n monopolie. Met die toename in ons bevolking sal die aanvraag na voedsel egter nie stilstaan nie en word dit verwag dat misstofproduksie sal moet verdubbel en selfs verdriedubbel voor die einde van die eeu. Die basis van prysvasstelling, indien dit nie geheel en al afgeskaf word nie, sal op 'n ander metode moet geskied. Selfs vanjaar nog was die finale vasstelling van pryse nie bekend gemaak voor die 18de Maart nie! Die Staat het oor die jare die landbou beskerm en die nywerheid gehelp uitbou, maar groter selfstandigheid is noodsaaklik.

Moet daar nie miskien na ons belastingstruktuur gekyk word nie om groter belegging en groei in nywerhede aan te moedig nie? Maatskappybelasting gebaseer op winste, belas doeltreffendheid en beperk ontwikkeling. Dit word beweer dat die toegevoegdewaarde-belasting die antwoord is hiervoor. In die eerste Franzsen-verslag oor belasting word dit

gemeld dat in Europa die toegevoegdewaarde-belasting ingestel was nadat die betrokke administrasies reeds ervaring met minder gesofistikeerde stelsels, soos byvoorbeeld verkoopbelasting, opgedoen het. Ek hoop ons beweeg in dié rigting, naamlik dat omset en nie doeltreffendheid die kriteria vir belasting sal wees.

Ons leef in 'n wonderlike land, wel met baie probleme, maar kan ons dit liewers sien as uitdagings met baie prestasies agter ons naam. Die huidige ekonomiese klimaat wek soms kommer, maar laat ons nie paniekerig raak nie maar kyk na ons langtermyn groei en na ons prestasies oor die afgelope tien jaar. 'n Afplating in die groeiakoers in die korttermyn gee doemprofete die geleentheid vir swartgallige projeksies maar buitensporige groei in die korttermyn dra dikwels die kiem van insinking. Ons moet 'n groei handhaaf wat vir die langtermyn die maksimum voordele sal inhou.

Kapitaal en arbeid is baie in die nuus maar het dit maar nie altyd vir ons probleme gegee nie? As 'n projek die nodige winste kan afwerp in verhouding tot risiko, kan meeste van ons wel die nodige kapitaal vind. Vir nywerhede wat groter eenhede vorm is daar baie vorms van kredietfinansiering wat veral aangetref word bv in die Japannese nywerheidsaktiwiteite. Ek dink ons vergeet soms die probleme van die verlede. In die begin van die eeu was daar te Somerset-Wes selfs Blanke vroue as arbeiders in die plofstowwebedryf. Kleurlinge en meeste plaaslike Blankes het voor die laaste oorlog van masjiene maar min geweet en van fabrieksroetine nog minder. Ervaring het baie gehelp maar intensiewe opleiding is nodig en daar moet die Nywerheid saam met die Staat aktief optree. Baie is reeds bereik, maar binne, die wette van die land kan dié wat wil, baie doen om Nie-Blankes op te lei om hulle status en vergoeding te verhoog.

The Fertilizer Society is different from other Employer of Manufacturer Associations with which I am acquainted. Instead of concentration on wages, industrial agreements and members' own problems, the FSSA concentrates really on assisting the clients. I am sure that the excellent relationship and goodwill it has built up will be the basis of expanding knowledge and increasing sales efficiency and profits.

I think we can face the future with confidence. As dit goed met die landbou en die mynwyse gaan, gaan dit gewoonlik goed met ons almal.